



Verwysing: 20201104-9302
Lêerno.: 13/9/2
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Assesseringsbestuursminuut: 0018/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, VOO-koördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat voorberei

Onderwerp: Gewysigde protokol oor die skryf van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen in November 2020 in ooreenstemming met COVID-19 vereistes

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het die *Protocol on the writing of the 2020 November examination in compliance with COVID-19 requirements* gewysig. Assesseringsbestuursminuut: 0015/2020 van 06 Oktober 2020 word dus deur hierdie minuut, asook die aangehegte gewysigde protokol-dokument vervang.
2. Die DBO se wysigings het betrekking op die volgende:
 - 2.1 Eksamenlokale moet skoongemaak en gereinig word voor die aanvang van die eksamens, en voor elke eksamensessie wat daarop volg. **Ontsmetting** word slegs benodig ná 'n bevestigde COVID-19 infeksie in daardie lokaal geïdentifiseer is (verwys na klousule 5.10 en 5.11).
 - 2.2 Alle ablusiegeriewe moet daagliks skoongemaak en nie diep skoongemaak word nie (verwys na klousule 5.12).
 - 2.3 **Kandidate mag NIE toegelaat word om gesigmasker-pouses te neem NIE.** 'n Gesigmasker-pouse mag slegs geneem word as die leerder 'n onderliggende toestand het en asemhalingsprobleme ondervind.

- 2.4 'n Kandidaat met 'n konstante temperatuur van meer as 38°C, na afloop van die gereelde 10-minute kontrole binne die eerste 30 minute, moet na die isolasiekamer by die sentrum geneem word om die eksamen te kan skryf. **Kandidate met 'n temperatuur van meer as 38°C wat geag word om in staat te wees om die eksamen te skryf, kan dit in die isolasiekamer doen**, of in 'n oop, duidelik sigbare area, soos 'n tentdak, hoek/gang, mits dit geïsoleer is, en geen toegang tot ander persone bied nie. Die ouers/voogde moet dadelik in kennis gestel word dat sy/haar seun/dogter/pleegkind 'n temperatuur van meer as 38°C getoon het en dus die eksamen in 'n isolasiekamer sal skryf. Die ouers/voogde moet ook gelas word om mediese hulp by 'n geneesheer in te win. Dit moet ná die eksamensessie gedoen word.
- 2.5 Die nakoming van fisiese afstand en ander standaard voorsorgmaatreëls is van uiterse belang in die isolasiekamer/-area. Die algemene reëls vir toesighouding is steeds van toepassing binne die isolasiekamer en die fisiese afstand kan tot 2 meter vermeerder word, afhangende van die aantal kandidate teenwoordig. Toesighouers moet gerusgestel word dat, indien die reëls van fisiese afstand, die dra van gesigsmaskers en die reiniging van hande streng nagekom word, hul persoonlike veiligheid nie in gevaar is nie. Waar moontlik, kan toesighouers ook, bo en behalwe die gewone gesigsmaskers, van gesigskerms voorsien word.
- 2.6 Hierdie kandidate mag nie vóór of ná die eksamen sosiaal verkeer of kontak met ander kandidate maak nie. Hulle moet in die isolasiekamer/-area bly totdat die ander kandidate weg is en moet verkieslik huis toe vergesel word, of ander reëlins moet getref word om te verseker dat geen kontak met ander kandidate plaasvind nie. Toetsing vir COVID-19 word ook aanbeveel en sal deur die behandelende geneesheer bepaal word.
- 2.7 Die COVID-19 siftingsvraelys is in ooreenstemming met die jongste siftingsdokument van die Departement van Gesondheid (DvG) gewysig. Kyk **Bylae A** van die aangehegte gewysigde protokol.
3. Ons vra om verskoning vir hierdie laat kennisgewing wat op 03 November 2020 laat middag van die DBO ontvang is.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2020-11-04